"MOET WEET" INLIGTING RONDOM SARS SE DIESELTERUGBETALINGS

INLEIDING

Hierdie dokument bevat 'n stel riglyne wat uit ervaring met baie werklike dieseloudits, sowel as intensiewe gesprekke met SARS-amptenare tydens inligtingsessies, saamgestel is. Dit is nie bedoel om as regsadvies te dien nie, maar as praktiese riglyn vir die hantering van u dieselrabat-eis. As u gehoor gee aan die vereistes in die dokument is dit baie waarskynlik dat SARS tevrede sal wees met u rekordhouding en dat u rabat-eise gevolglik nie afgewys sal word nie. As u dit ignoreer is dit feitlik seker dat SARS u een of ander tyd gaan uitvang en dan is daar min omdraaikans vorentoe.

Dit is 'n feit dat SARS baie strenger geword het met die toepassing van die wet, en dat dit gevolglik veel moeiliker is om 'n suksesvolle (en wettige) rabat-eis saam te stel. Die dokument is geskryf om tipiese probleme en wanopvattings duidelik te identifiseer en hopelik te elimineer – dit is dus 'n poging om die realiteite van die dag vierkantig in die oë te kyk, eerder as om 'n volstruisbenadering te volg. Die druk waaronder SARS verkeer om in omstandighede van geen of swak ekonomiese groei die onversadigbare behoeftes van die staatskas te vervul beteken dat daar geen terugkeer na 'n makliker bedeling kan wees nie.

Daar is baie moeite gedoen om die dokument leesbaar en verstaanbaar te maak, en daar word doelbewus weggebly van ingewikkelde regstegniese verduidelikings. Ons het verder probeer om die tipiese misverstande wat by kliënte voorkom, almal op die een of ander manier aan te spreek.

AGTERGROND: DIE ONTSTAAN VAN DIE TERUGBETALINGSKEMA

Die skema waarvolgens ondernemings in die primêre bedrywe (hoofsaaklik landbou, bosbou, mynbou en visserye) 'n gedeelte van hulle dieselaankope kan terugeis, het sy ontstaan daarin dat die staat hierdie bedrywe wil ondersteun. Die feit dat baie van die diesel in hierdie bedrywe nie op die pad gebruik word nie, maak teoreties die gedeelte van die dieselprys wat aan die Padongelukke-fonds en die onderhoud van paaie sou spandeer word beskikbaar om as aansporing te dien of as terugbetaling aan te wend. Let wel: Dit is NIE 'n betaling omdat u nie die paaie gebruik nie, maar is wel bedoel om u primêre produksieproses te stimuleer. Voorbeeld: Wanneer u u eie plaasprodukte per pad vervoer, mag u wel hiervoor eis, al gebruik u dan wel ook die paaie.

Dit verklaar ook waarom daar soms aspekte is wat onprakties of onlogies lyk. As voorbeeld: Die rit waarmee u produkte mark toe stuur mag voor geëis word, maar die terugrit NIE, tensy dit ook dan met 'n sinvolle vrag boerderybenodigdhede terugkeer.

AGTERGROND: WETGEWING

Die skema word in die "Customs and Excise Act, 1964" omskryf. Daar is ook 'n Skedule 6 tot die wet (bladsy 48 tot 50 in hierdie skedule handel oor die boerderybedryf). Die wet word verder aangevul deur 'n stel reëls, die "Customs and Excise Rules 1995 as amended". Deel 3 van die Reëls (bladsy 42 tot 54) handel oor boerdery. (Terloops: Let op dat, hoewel die skema op die oomblik via die BTW-stelsel bedryf word, die BTW-wetgewing nie die primêre raamwerk is nie – dit vind slegs beperkte aansluiting waar ons na BTW-fakture en dies meer kyk). Daar is wel tans 'n moontlikheid dat daar 'n aparte stelsel geskep gaan word, weg van die BTW-stelsel maar binne SARS.

Die genoemde dokumente skep 'n baie harde raamwerk waarbinne amptenare van SARS die wet moet toepas en afdwing. Onkunde van die wet is nie 'n geldige verskoning nie, en daar rus dus 'n vaste verpligting op u om seker te maak dat u nie buite die wet beweeg nie – daar is spesifieke voorgeskrewe strafmaatreëls wat groot geldelike pyn en ander ontwrigting kan meebring. Hofuitsprake oor tyd heen het duidelik bevestig dat die wet STRENG toegepas moet word, ook omdat die skema 'n aansporingskema is.

Laastens moet u verstaan dat die mense by SARS hulle eie wetgewing sekerlik baie beter ken as enige buitestaander, en dat u nie sommer 'n regstegniese argument gaan wen nie. U beste kans is om die feite (rekords) so korrek en volledig moontlik aan te bied.

WERKING VAN DIE SKEMA:
Die stelsel berus op 'n self-aanslag basis (Engels: Self-assessment) en plaas die verpligting om bewys te lewer 100% op die boer. SARS het nie normaalweg direkte toegang tot die dokumentasie wat vereis word om 'n aanslag te doen nie (alhoewel dit tipies tydens 'n oudit aangevra kan/sal word). Dit beteken in beginsel dat u self die aanslag bepaal, maar dan moet u dit kan ondersteun met die rekords soos in die wet vereis. Die opgawe wat u invul, is 'n wettige verklaring wat u maak om te bevestig dat u geregtig is op die terugbetaling, en dat u rekords toereikend is om dit te bewys. Wanvoorstellings (doelbewus of uit onkunde) kan bepaalde strafmaatreëls tot gevolg hê.

Die terugbetaling of uitbetaling van die dieselrabat word in die wet omskryf as 'n voorlopige betaling op grond van u eis. Dit kan steeds omgekeer word na afloop van 'n inspeksie of 'n oudit. Die terugbetaling word deur SARS gemaak slegs as hulle nie risiko daarin sien nie. Dit kan dus ook teruggehou word tot na 'n oudit of inspeksie. U moet dus verstaan dat die blote feit dat u eis sonder oudit of inspeksie toegestaan is, beslis nie beteken dat u nou die oudit of inspeksie gaan vryspring nie.

Dit is verder so dat standaardpraktyk by SARS beteken dat enige substansiële terugbetaling feitlik altyd onderhewig is aan 'n oudit. Die vraag is dus nie OF u rekords geoudit gaan word nie, maar bloot WANNEER. Dit is dus nie 'n lotery nie en dit is beslis nie die moeite werd om 'n kans te vat nie.

DIE TOTSTANDKOMING VAN REDELIKE EN KORREKTE REKORDS ("REASONABLE AND PROPER RECORDS")
SARS se personeel praat van 'n goue draad wat gevolg moet kan word vanaf die aankoop van die diesel, deur aflewering tot in die massatenk, van daar tot binne die trekker of voertuig se tenk, tot en met verbruik van die diesel binne u eie boerdery vir 'n spesifieke aktiwiteit wat die eis van 'n dieselrabat toelaat.

Goeie rekordhouding beteken dat u dag vir dag aan u rekords bou soos wat die boerdery bedryf word. Dit is ook een van die redes hoekom SARS 'n duidelike voorkeur vir handgeskrewe logboeke en ritstate het – om die rekords agterna met iets soos Excel te produseer laat outomaties rooi ligte vir die inspekteur flikker. Ons ervaring is dat mens in alle gevalle die oorspronklike geskrewe state benodig, selfs al gebruik mens 'n elektroniese uitreikingstelsel op die dieseltenk.

Die wet vereis van u om rekord te hou van diesel wat aangekoop is EN GEBRUIK is. Om hierdie rede is dit nie aanvaarbaar om op aankope te eis nie – die ongebruikte gedeelte is nog in die massatenk of in die verskillende voertuie se tenks en mag eers voor geëis word wanneer dit werklik fisies opgebruik is.

Die volgende dokumente is almal vereistes vir die totstandkoming van 'n stel rekords wat SARS as redelik en volledig sal ag. Let wel dat hierdie lys die items is wat spesifiek met die hantering van diesel verband hou – daar is ander vereistes ook, byvoorbeeld BTW-registrasie, voertuiglyste, kaarte van die plaas, ensomeer.

- BTW-faktuur in korrekte entiteit se naam, vir die oorspronklike aankoop van diesel;
- Afleweringsbewys met datum en tyd van aflewering;
- Gereelde rekord van dip-lesings;
- Logboek: Uitreik van diesel na voertuie ("Diesel storage and dispensing log book");
- Logboek: Gebruik van diesel deur voertuie ("Diesel usage log book");
- Volledige lys van voertuie en toerusting waarvoor geëis word, insluitende enige gehuurde items of kontrakteurs-items, individueel gespesifieer;
- Afleweringsnotas van produkte op die mark gelewer, en benodigdhede ontvang op die plaas.

Benewens hierdie dokumente hou SARS daarvan as u ander stawende inligting het, byvoorbeeld, 'n boerdery-dagboek wat aandui wanneer u watter take verrig het, byvoorbeeld:
Dagboekinskrywing: 15-20 November 2016: Mielies geplant op land B30 (110ha)

Die bestaan van sulke stawende inligting maak dit makliker vir SARS om 'n geheelbeeld van die boerdery-aktiwiteite te vorm, en hoe meer van hierdie stawende inligting u kan voorsien, hoe waarskynliker is dit dat u eis sal slaag.

AKTIWITEITE WAARVOOR DIESELRABAT GEËIS KAN WORD: Die volledige lys van toelaatbare of eisbare aktiwiteite vir die boerdery-omgewing volg hieronder, presies soos dit in SARS se Skedule 6 (Gedeelte 3) verskyn. Let wel dat hierdie items baie breedweg gedefinieer is – byvoorbeeld, "(AA) Growing crops and harvesting and storing crops on the farming property". SARS self vereis tipies veel meer detail, byvoorbeeld: "Ploeg van land B30 (110ha)". Ons aanbeveling is dat u minstens die tipiese bewerkings (ploeg, plant, spuit, snoei, oes, vervoer, ensomeer) as basiese aktiwiteite vir logboek-doeleindes gebruik, tesame met 'n aanduiding van WAAR die aktiwiteit plaasgevind het. Die doel van SARS se lys hieronder is eintlik hoofsaaklik bedoel om te bepaal of dit wat u doen wel breedweg kwalifiseer vir die terugbetalingskema.

- (AA) Growing crops and harvesting and storing crops on the farming property.
- (BB) Horticulture, pasturage and apiculture.
- (CC) The breeding of fish in dams and the farming of oysters.
- (DD) The breeding and caring for animals and reptiles.
- (EE) The breeding and caring for race and show horses and the transportation thereof.
- (FF) The shearing or cutting of hair or fleece of livestock, or the milking of livestock.
- (GG) The transport of livestock to a farming property for the purpose of rearing.
- (HH) The rounding up or herding of livestock.
- (IJJ) Baling of hay. *(Die foutiewe nommer kom net so uit SARS se dokument)*
- (KK) The planting or tending of fruit trees.
- (LL) Any activity undertaken for the purpose of soil or water conservation.
- (MM) The carrying out of fire fighting activities.
- (NN) The construction or maintenance of fences.
- (OO) The construction or maintenance of firebreaks.
- (PP) The service, maintenance or repair of vehicles or equipment for use in a farming activity if it is carried out at the place where farming is carried on.
- (QQ) The construction or maintenance of sheds, pens, silos or silage pits for use in a farming activity.
- (RR) The construction or maintenance of dams, water tanks, water troughs, water channels, irrigation systems or drainage systems including water pipes and water piping for use in a farming activity carried out on the farming property.
- (SS) The carrying out of earthworks for the purpose of a farming activity, carried out on the farming property.
- (TT) Searching for ground water solely for use in a farming activity, or the construction or maintenance of facilities for the extraction of such water, solely for that use.
- (UU) The pumping of water solely for use in farming if the pumping is carried out on a farming property.
- (VV) The supply of water solely for use in farming if the supply is to a farming property and the water is supplied from that property or a place adjacent to that property.
- (WW) The storage of farming products.
- (XX) The packing, or prevention of deterioration of farming products, if the packing or the prevention of deterioration of the products is carried out on a farming property.
- (YY) Weed, pest or disease control.
- (ZZ) Hunting or trapping that is carried on as part of farming operations including the storage of any carcasses or skins.
- (AAA) Game farming, excluding leisure activities such as game viewing and lodging.
- (BBB) Generating electricity or the use of other farm equipment for domestic purposes.
- (CCC) Use of locomotives for the carriage of goods by rail on the farming property.
- (DDD) Flood management on farming property.

ALGEMENE MISVERSTANDE EN WANBEGRIPPE

Hierdie is voorbeelde van algemene misverstande rondom eise. Die meerderheid van hierdie voorbeelde is van SARS self afkomstig – u kan dus gerus wees dat hulle dit sal herken.

"Algemene boerdery" of "Primêre produksie" as aktiwiteit: Hierdie baie algemene sonde is beslis nie volledig genoeg om aanvaarbaar te wees vir SARS nie. Hulle wil presies weet WAT met die diesel gedoen is, en ook WAAR dit gedoen is, ten einde aan die vereistes van die wet te voldoen. Die probleem met iets soos "Primêre produksie" is dat dit maklik misbruik kan word as 'n tipe vangnet vir enige aktiwiteite wat nie noodwendig werklik te doen het met primêre produksie nie. SARS self noem hierdie spesifieke twee klassifikasies in hulle inligtingsvergaderings as voorbeelde van goed wat NIE werk nie. As u ten spyte van hierdie advies dus voortgaan om hierdie (of soortgelyke) items te gebruik moet u beslis probleme verwag.

Vermenging van aktiwiteite: Die wet word baie streng toegepas wanneer gemengde aktiwiteite plaasvind. As u byvoorbeeld 'n kragopwekker het wat krag voorsien aan 'n pakhuis op die plaas, is dit toelaatbaar omdat dit die primêre produksieproses in die pakhuis ondersteun. As dieselfde kragopwekker (met dieselfde diesel) dan ook krag aan die woonhuis en/of arbeidershuise voorsien, kelder dit die geldigheid van die eis ten opsigte van die pakhuis, en daar is nie uitkomkans nie. SARS se argument is dan bloot dat daar nie 'n manier bestaan om sonder twyfel te bepaal hoeveel diesel deur die pakhuis gebruik is, en hoeveel deur huishoudelike kragvoorsiening nie. Die gebruik van beramings of persentasies word GLAD NIE aanvaar nie. Hierdie beginsel van "geen beramings of persentasies" geld REGDEUR die administrasie van die dieselterugbetalings.

Die 80/20% beginsel: Die feit dat slegs 80% van die "eligible litres" toegelaat word vir berekening van die terugbetaling, het GEEN verband met enigiets anders nie. Die 20% wat nie uitbetaal word nie, is NIE daarvoor bedoel om voorsiening vir privaatgebruik te maak nie. Die wet omskryf bloot dat 80% van die diesel wat vir primêre produksie aangewend is, geëis mag word. Ek vermoed dat dit bedoel is om voorsiening te maak vir daardie geleenthede waar voertuie wel op die pad gaan terwyl hulle byvoorbeeld produkte mark toe neem.

Buite-aankope van diesel: Twee probleme: Die tipiese vulstasie-strokie is nie 'n volledige BTW faktuur soos deur die wet vereis nie (naam en adres of BTW-nommer verskyn tipies nie daarop nie), en die tweede probleem is dat SARS uit beginsel nie hierdie buite-aankope aanvaar vir eisdoeleindes nie. Hulle kan moontlik op regsgronde aangevat word oor die beginsel, maar u sal bereid moet wees om die saak tot in die hof te neem. My voorstel sou wees dat die vragmotor langafstand-tenks moet hê om die terugrit ook te kan doen, of u kan sekerlik ook 'n drom met brandstof saamstuur as dit in u geval die moeite werd blyk te wees.

Bakkies (en enige ander voertuie wat hoofsaaklik bedoel is om op die pad gebruik te word): SARS dring baie sterk aan dat u 'n logboek van individuele ritte hou vir elke voertuig waarop u van plan is om die dieselrabat te eis. Dit gaan daaroor dat hierdie voertuie dikwels meerdoelig aangewend word, byvoorbeeld om in die oggend vroeg werkers te vervoer (waarvoor rabat NIE geëis mag word nie) en dan dalk later gebruik word om boerdery-benodigdhede in die dorp op te laai, waarvoor rabat wel geëis mag word..

Terloops (en ook baie belangrik): As die voertuig leeg (of met 'n onsinnig klein hoeveelheid boerdery-benodigdhede gelaai) terugloop, mag u nie daarvoor eis nie. Die wet beskryf hierdie situasie spesifiek – slegs ritte met boerdery-produkte NA die mark, en slegs ritte met boerdery-benodigdhede TERUG NA die plaas mag voor geëis word. Kyk ook die vorige hofie oor diesel wat langs die pad ingegooi word, en lees verderaan in die dokument oor logboeke vir padvoertuie.

Dit is duidelik dat SARS veel strenger omgaan met padvoertuie soos bakkies en vragmotors as wat hulle byvoorbeeld sal doen met enkeldoel-toerusting soos stropers spuite en selfs trekkers, waar die beweging op die pad ongereeld en eintlik bloot toevallig gebeur. 'n Enkele inskrywing vir 'n stroper vir een hele dag sal waarskynlik maklik deurgaan, terwyl dieselfde vir 'n vragmotor waarskynlik bevraagteken sal word.

U het basies twee keuses hier: Eerstens kan u besluit om glad nie die dieselrabat vir bakkies of vragmotors te eis nie. As hierdie voertuie nie ‘n groot persentasie van u bedryf uitmaak nie, is dit ‘n keuse wat moontlik sinvol kan wees. Tweedens het u die keuse om wel ‘n logboek te hou, en dan geld sekere standaarde daarvoor. SARS se voorgeskrewe formaat (veral die sogenaamde “diesel usage report”) is nogal ingewikkeld, en ons adviseer u eerder om ‘n vereenvoudigde formaat te gebruik, en dit dan later self in die voorgeskrewe formaat te konsolideer, hetsy met die hand of verkieslik met behulp van ‘n rekenaarprogram.

Let ook daarop dat aktiwiteite soos rondry op die plaas ter wille van toesighouding nie sonder meer as primêre produksie geag sal word deur SARS nie. Daar waar u byvoorbeeld saad aanry na ‘n planter sal dit geldig wees, maar as u dorp toe ry vir sake sal SARS dit nie toelaat nie. Ek is van mening dat mens nog die moeite kan doen om tipiese “plaasbakkies” se diesel te eis, maar dat dit nie die moeite werd is om die boer of plaasbestuurder se dubbelkajuit-bakkie te eis nie, bloot as gevolg van die verwagte kompleksiteite en twispunte rondom die logboek hiervoor, sowel as die intensiteit van boekhouding wat vereis word.

Kontrakteurs: Dit staan u vry om kontrakteurs te gebruik om werk namens u te doen, byvoorbeeld grondvoorbereiding of stroopwerk. Die kontrak moet as ‘n sogenaamde “Droë kontrak” opgestel word, met ander woorde die kontrakteur voorsien nie self diesel nie, maar gebruik diesel wat u aan hom voorsien uit u massatenk. Verder is dit noodsaaklik dat u die kontrakteur se voertuie presies soos u eie hanteer, met ander woorde, elke voertuig moet apart in u stelsel gelys word en die diesel wat aan die kontrakteur voorsien word, moet per voertuig uitgereik word. As die kontrakteur ‘n dieselkarretjie het waarmee hy diesel by u kom afhaal, moet hy dan steeds ook per voertuig boekhou, anders gaan SARS die eis afwys en u moontlik selfs penaliseer ook.

Uurmeters/odometers: SARS het geen vaste reëls hieroor nie. Die toets sal steeds wees of u “reasonable and proper records” hou. My vermoede is dat, omdat iets soos ‘n kragopwekker of ander kleiner toerusting nie normaalweg met uurmeters toegerus word nie, dit nie redelik van SARS sal wees om dit te vereis nie. Dit beteken egter ook dat, as u trekker se uurmeter uit orde is, u iewers hiervan sal moet werk maak tensy die trekker werklik baie eenvoudig aangewend word, byvoorbeeld net om ‘n waterpomp aan te dryf, waar mens op ander maniere ook die gebruik kan bevestig (byvoorbeeld: Dit loop elke dag drie ure).

Fabrisering van logboeke: SARS is baie deeglik bewus daarvan dat mense “wakkerskrik” met die ontvangs van ‘n kennisgewing dat SARS hulle gaan oudit, en dat in hierdie proses daar dan soms logboeke gefabriseer word. Met ander woorde: U skep ‘n logboek om by u eis te pas, eerder as om die oorspronklike eis op grond van ‘n bestaande logboek in te dien. Hierdie word in ‘n baie ernstige lig beskou en kan selfs tot vervolging lei, as SARS van mening is dat die eindresultaat is dat die fiskus hiermee bedrieg word. Dit is ook waarom die logboek (selfs as dit met die hand geskryf is) steeds deel moet vorm van die groter prentjie wat u totale boerdery-aktiwiteit daarstel.

Ter opsomming: SARS sal slegs die eis laat slaag as hulle onder die indruk verkeer dat u redelike en korrekte rekords hou, en dat u aan al die wetlike vereistes voldoen. U optrede en rekords moet dus nie wantroue wek nie, en u moet beslis ver wegbly van die sondes wat hulle self maklik herken.

SARS se Skedule 6 definisie van ‘n logboek: Dit word in die oorspronklike Engels aangehaal, ter wille van akkuraatheid. Dit omvat die wetlike basis wat SARS gaan gebruik om u logboek te beoordeel.

"Logbooks" means systematic written tabulated statements with columns in which are regularly entered periodic (hourly, daily, weekly or monthly) records of all activities and occurrences that impact on the validity of refund claims. Logbooks should indicate a full audit trail of distillate fuel for which refunds are claimed, from purchase to use thereof. Storage logbooks should reflect details of distillate fuel purchases, source thereof, how dispersed/disposed and purpose of disposal. Logbooks on distillate fuel use should contain details on source of fuel, date, place and purpose of utilisation, equipment fuelled, eligible or non-eligible operations performed and records of fuel consumed by any such machine, vehicle, device, or system. Logbook entries must be substantiated by the required source documentation and appropriate additional information

that include manufacture specification of equipment, particulars of operator, intensity of use (e.g. distance, duration, route, speed, rate) and other incidents, facts and observations relevant to the measurement of eligible diesel use.

Dit beteken kortliks dat mens se logboek-inskrywing so volledig moet wees dat dit objektief aan SARS bewys lewer dat die diesel korrek en sinvol gebruik is in die primêre produksieproses.

Gereelde diplesings: SARS vereis dat u periodiek diplesings moet neem, en minstens aan die begin en einde van ELKE belastingperiode, dus MINSTENS elke twee maande. Die doel hiermee is om 'n vaste kontrolepunt te skep waarmee die logboek se inskrywings vergelyk kan word. Met ander woorde: Die logboek-inskrywings het die implikasie dat daar byvoorbeeld nou nog 1310 liter in die tenk oor is, en die diplesing kan dit bevestig (of dalk nie, in welke geval daar 'n onverklaarbare "wins" of verlies van diesel was). Ons aanbeveling is dat u, benewens die vereiste lesings aan die begin en einde van die periode, OOK met elke aflewering van diesel op die plaas, 'n "voor" en "na" diplesing neem. Ons het ervaring van situasies waar mense diesel bestel, maar dit wat werklk fisies afgelewer word, is dan substansieel minder as wat die afleweringsnota wys, omdat die drywer 'n skema van sy eie bedryf en die diesel wat hy terughou, dan aan iemand anders verkoop.

HOE LYK 'N OUDIT?

U sal in die volgende paragrawe lees van verskillende tipes korrespondensie wat SARS uitstuur wanneer 'n oudit in proses is. Dit is van die allergrootste belang dat u hierdie korrespondensie respekteer deur dit eerstens te lees en te verstaan, en tweedens volledig en akkuraat te reageer op enige versoeke wat SARS daarin rig. As u in gebreke bly om dit te doen, is dit 100% seker dat SARS op hulle koers sal volhou en meedoënloos die stappe volg. Die kans dat die proses dan op 'n gunstige resultaat vir u sal uitloop, is bitter naby aan nul.

Die afskop van die inspeksie of oudit is 'n "Letter of engagement" waarin SARS kennis gee dat u ondersoek gaan word. Dit begin tipies met 'n steekproef van twee maande se rekords, of hulle kan ook direk vra vir twee jaar se rekords. Dit kan 'n besoek insluit, of dit kan bloot kantoorgebonde na die rekords kyk wat u dan voorlê. U kan ook wel vra dat hierdie ondersoek uitgestel word, as u byvoorbeeld in 'n besige tyd op die plaas het (planttyd of oestyd), of as daar ander persoonlike omstandighede is wat potensieel uitstel kan regverdig. Ons ervaring is dat SARS heeltemal bereid is om redelike uitstel toe te staan.

Ons advies is dat u beste kans op 'n relatief pynlose ervaring in hierdie stadium geleë is. **Dit is beslis in u eie belang om hierdie aanvanklike steekproef van twee maande (of dan twee jaar) se data so goed te hanteer dat die inspekteur tevrede is dat u rekords op standaard is en dat dit nie nodig is om verder te gaan met die ondersoek nie.**

As die inspekteur nie tevrede is met die aanvanklike steekproef nie, word twee jaar se rekords volgende aangevra en nagegaan. Die inspekteur het glad nie diskresie hieroor nie omdat dit so in die wet voorgeskryf word. As u dus die aanvanklike versoek swak of onduidelik beantwoord, is u besig om ekstra moeite vir uself in die proses in te bou. Verder is dit ook beslis so dat die inspekteur wat u aanvanklik ondersoek die maklikste persoon is om te oortuig dat u rekords op standaard is. **Sodra die proses uit sy hande is, gaan u te doen kry met mense in 'n komitee wat die wet werklik baie goed ken en wat waarskynlik strenger standaarde sal toepas, moontlik ook omdat hulle minder begrip het vir unieke eienskappe van u bedryf op die plaas. Onthou dat SARS se appèlkomitee u ALLEENLIK sal tegemoetkom as hulle van mening is dat die inspekteur (en sy seniors) hulle werk nie korrek uitgevoer het nie. Daar moet dus besliste verkeerde besluite deur die inspekteur wees wat op grond van die wet uitgedaag kan word voordat u 'n kans op sukses sal hê.**

Wanneer die oudit voltooi word, word 'n "**Letter of intent to assess**" of 'n **"Letter of findings"** gestuur waarin SARS sy voornemens uitspel, en wat aan u die geleentheid bied om die bevindings te betwis, hoofsaaklik deur meer volledige inligting te verskaf of die aandag op spesifieke feitefoute te vestig. Hierdie brief gee tipies veertien werksdae kans om besware in te dien of meer inligting te verskaf. Let op dat indien u nie binne die veertien dae reageer nie, SARS outomaties sal voortgaan om die beoogde stappe in sy brief in werking te stel.

U is in hierdie stadium ook geregtig daarop om met die inspekteur se senior(s) in gesprek te tree om hulle tot ander insigte te bring. Hierdie is in die meeste gevalle die laaste kans om sake op 'n rustige manier uit te sorteer. As die inspekteur werklik 'n feitefout begaan het of op die een of ander manier buite riglyne beweeg het, sal sy seniors dit waarskynlik onmiddellik wil regstel voordat dit op hulle werkskwaliteit reflekteer. In ieder geval word die briewe wat SARS uitstuur reeds deur die betrokke inspekteur se spanleier mede-onderteken, en kan mens dus aanneem dat sy onmiddellike senior reeds saamstem met die inhoud.

Die laaste stap in die proses is dan 'n "**Letter of demand**" of **"Letter of assessment"** indien die oudit tot gevolg het dat u eis in mindere of meerdere mate afgewys word. As u nie hierop reageer nie, sal hulle oorgaan tot verdere stappe, wat kan insluit dat ander geld wat hulle aan u skuld, nie uitbetaal word nie (byvoorbeeld BTW-terugbetalings) of hulle kan so ver gaan om geld direk uit u bankrekening te verhaal. Hierna volg potensieel verdere skuldinvorderingsaksies in terme van die wet.

Daar is voorsiening vir verdere formele besware in die wet, en die prosedure word in Artikel 77A van die wet beskryf. As u op hierdie vlak begin rondbeweeg is ons aanbeveling dat u dit beslis nie sonder professionele hulp aanpak nie. Daar is ook 'n vaste voorgeskrewe periode van 30 dae waarbinne die beswaar formeel ingedien moet word. Indien u hierdie periode misgeloop het, is die enigste oorblywende uitweë die ADR ("Alternative dispute resolution") of dan direkte hofaksie. My aanbeveling is om BAIE LANK voor u hierdie ongelukkige punt bereik, eerder die nodige ekstra moeite met die aanvanklike rekordhouding te doen – dit is ongetwyfeld moeite, maar beslis meer beheerbaar en minder moeite en koste as wat 'n hofsaak sal wees.

TEN SLOTTE

Afhangende van die omvang en intensiteit van u boerdery (byvoorbeeld intensiewe saaiboerdery versus ekstensiewe wildboerdery) moet u waarskynlik 'n beginselbesluit neem of u die dieselterugbetaling gaan eis. Daar is spesifieke risiko's hieraan verbonde (SARS wys u eis af en/of hef 'n boete daarop). Dit is nie 'n moeitevrye proses om by 'n suksesvolle rabat-eis uit te kom nie, en dit bring waarskynlik kostes mee (al is dit net vir u tyd wat hierin belê moet word).

Aan die positiewe kant is daar potensieel beduidende bedrae betrokke. As voorbeeld kan ons 'n boerdery bekyk wat (net?) R1 000 000 se diesel per jaar gebruik. As ons aanvaar dat u eindelik kan eis vir slegs die helfte hiervan, praat ons van 'n syfer rondom R90 000 wat na u kant kom – dit is waarskynlik meer as die salaris van 'n persoon wat u kan aanstel om selfs voltyds aan die logboeke en dieselrabat aandag te gee. Die betrokkenheid van so 'n persoon sal waarskynlik meehelp om dieselverliese weens diefstal ook te verminder, dus kan die hele proses relatief maklik die moeite werd word.

SARS het ook aangedui dat hulle tot op datum nie werklik boetes uitgereik het nie. Strafmaatreëls was dus beperk tot die terugskryf van u eis. Die risiko wat u dus geloop het om op grond van ontoereikende rekords te eis, was voorheen dus beperk tot die bedrag van die eis. Hier kom nou 'n verandering: In die toekoms gaan daar benewens die terugskryf van die eis, ook boetes gehef word na gelang van die erns van die oortreding. Uit die aard van die saak sal daar gekyk word na u bedoeling ten tyde van die eis: Blote nalatigheid sal minder swaar weeg as doelbewuste wanvoorstellings, wat eintlik op bedrog neerkom.

Die duidelike waarskuwing hier is dat u moet besef dat dit nie meer die moeite werd is om 'n kans te vat en later te verduidelik nie – die risiko word bloot te groot.

Ons aanbeveling is dat u ernstig moet besin hieroor en besluit of u steeds die rabat gaan eis. Indien wel, sal u besliste stappe moet neem om seker te maak u voldoen <u>sigbaar</u> aan die wetgewing. Dit beteken kortliks dat die SARS-inspekteur duidelik kan sien u rekords is op standaard, en dat daar geen omseiling van die wet plaasvind nie. Onthou, SARS is voortdurend besig om lekkasies toe te stop, so u kan verwag dat hulle toepassing van die wet deurlopend strenger sal word.

Hoe help Afriklok se dieselstelsel my?

In die eerste plek moet u verstaan dat Africlock se stelsel NIE ‘n towerstaffie is nie. Die blote implementering van die Africlock-stelsel is NIE ‘n waarborg dat alle toekomstige rabat-eise sonder meer suksesvol gaan wees nie. Net soos u besit van ‘n rekenaar en drukker nie ‘n waarborg is dat u ‘n suksesvolle skrywer sal wees nie, so waarborg u gebruik van Africlock nie dat u suksesvolle rabat-eise kan loods nie. Ons uitgangspunt is dat die korrekte gebruik van die Africlock-stelsel (hardeware en sagteware, of sagteware alleen) die waarskynlikheid van sukses beduidend verhoog, en omgekeerd, diegene wat NIE van die stelsel of minstens iets soortgelyks gebruik maak nie, se kanse op sukses verswak.

Verder is dit ook ‘n feit dat SARS tot op datum GEEN elektroniese stelsel akkrediteer of goedkeur nie. Dit geld vir Africlock, en dit geld ook vir alle ander stelsels. Selfs VIP Payroll, wat sekerlik die bekendste lonestelsel in die land is, word nie so goedgekeur nie. Die argument van SARS se kant is dat dit wat mens in die stelsel DOEN, steeds aan die wet moet voldoen, en dat die blote gebruik van die een of ander stelsel of program nie ‘n waarborg is dat alles wat in die stelsel ingevoer is, nou skielik bo verdenking is nie. As voorbeeld: As ‘n belastingfaktuur van dieselaankope in Africlock ingelees word, is die blote feit dat die rekord nou in Africlock bestaan, GEEN bewys dat dit wel ‘n akkurate (of selfs ‘n werklike) rekord is nie. Die bewys bly steeds die bestaan van die gedrukte belastingfaktuur, omdat hierdie dokument weer ‘n ouditspoor het wat nagegaan kan word. Africlock se rekords sal dus wel deur SARS aanvaar word as dit ‘n integrale deel van ‘n hele proses van daarstelling van “reasonable and proper records” vorm, en dit dan ook inpas by die geheelbeeld van u boerdery wat die inspekteur moet vorm.

Africlock se stelsel speel ‘n beduidende rol in die daarstel van “reasonable and proper records” deurdat dit ‘n sentrale versamelpunt vir data skep, en dan die vermoë het om die data in presies die formaat weer te gee wat SARS vereis. SARS se voorgeskrewe formate van logboeke (beide die huidige een op hulle webtuiste en die nuwe voorgestelde formate wat vroeg in 2016 die onderwerp van ‘n reeks inligtingsessies was) is beslis nie eenvoudig of maklik om by te hou nie, en ek wil so ver gaan om te sê dat dit heeltemal onmoontlik is om te doen as u dit nie DAAGLIKS byhou met al die goed wat daardie dag op die plaas gebeur het nie.

Africlock se hardeware (die kas wat ons buite op die dieselpomp oprig) hou rekord van dieseluitreiking uit die massatenk na individuele voertuie en toerusting-items. Dit bevat dus al die data wat nodig is om die “Storage and dispensing logbook” te kan voltooi. Waar mens te doen het met byvoorbeeld ‘n trekker wat vanoggend met ‘n vol tenk vertrek en ‘n spesifieke land gaan ploeg, dan terugkeer stoor toe en daar hervul word, sou daar in die “Usage log book” ook net een inskrywing gewees het, en sou mens nog ‘n argument kon aanvoer dat Africlock hierdie situasie toereikend hanteer. Daar is egter ook ander situasies, byvoorbeeld ‘n vragmotor wat leeg dorp toe ry om kunsmis by die koöperasie te gaan haal, en waar die “usage log book” dan minstens twee inskrywings sou moes hê om die situasie volgens vereistes volledig te beskryf. In hierdie geval sal u hierdie verdere data in Africlock se sagteware moet inlees om die twee transaksies daar ook te reflekteer.

U kan wel ook Africlock se sagteware apart aankoop en gebruik. Veral waar die omvang van u boerdery nie groot genoeg is om die aankoop van die hardeware te regverdig nie, sou hierdie aan u ‘n alternatiewe manier bied om die skep van ‘n “reasonable and proper record” te hanteer.

Ons is van mening dat, sonder die gebruik van ‘n rekenaarstelsel, dit haas onmoontlik is om die “storage and dispensing logbook” en die “usage logbook” in die vereiste formate vir SARS te voorsien.